Prosesvloei: Aanstelling van ‘n Fakulteitsdekaan

REKTORAAT	SENIOR AANSTELLINGSKOMITEE (SAK)	INSTITUSIONELE FORUM (IF)	FAKULTEITSRAAD (FR)	AFDELING MENSLIKE HULPBRONNE (MHB)
Die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB) is die sameroeper en sekretariaat van die SAK	Die SAK beskik oor die finale aanstellingsgesag, en rapporteer die finale besluit aan die Raad	Het die geleentheid om ’n aanduiding ten opsigte van aanstelbaarheid en ’n aanduiding ten opsigte van voorkeur te gee rakende die kandidate op die finale kortlys	Lede van die FR het die geleentheid om kandidate aan te beveel en ’n aanduiding ten opsigte van aanstelbaarheid en ’n aanduiding ten opsigte van voorkeur te gee rakende die kandidate op die finale kortlys	




Bladsy 1
INSTITUSIONELE FORUM (IF)
Die SAK lê die finale kortlys, met opmerkings en motiverings, en vergesel van die kandidate se visiestellings en CV's, aan die IF voor.
FAKULTEITSRAAD (FR)
Die SAK lê die finale kortlys, met opmerkings en motiverings, en vergesel van die kandidate se visiestellings en CV's, aan die betrokke FR voor.
Gesamentlike vergadering van die FR en die IF
Die Rektor (of gedelegeerde) tree as voorsitter op.
Die kandidate op die finale kortlys moet hulle visie aan die FR en die IF voorlê en hulle vrae beantwoord.
Die FR en die IF stem oor elke kortlyskandidaat met die oog daarop om die SAK te adviseer ten opsigte van die aanstelbaarheid van die kandidate op die kortlys as Dekaan en om die SAK te adviseer oor die FR en die IF se onderskeie voorkeurkandidaat.
Die SAK vergader en besluit, na oorweging van die FR en die IF se aanbevelings, finaal oor die aanstelling van 'n geskikte kandidaat by wyse van die meerderheidstem van die SAK-lede wat teenwoordig en stemgeregtig is.
Die SAK rapporteer die finale besluit aan die Raad via die Registrateurskantoor.